# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/09)

*Justin Chadwick (20 November 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

*GESEGDE VAN DIE DAG:" Better be wise by the misfortunes of others than by your own." Aesop*

## RAADSVERGADERINGS

Beide die CGA en CRI het hul Raadsvergaderings aan die begin van hierdie week gehou. Soos deur die CRI Grondwet uiteengesit by die CGA vergadering, het die CGA produsente verteenwoordigers op die CRI Raad aangestel – met een verandering waar die bedanking van Gerhard Scheepers tot die aanstelling van Piet Smit (van Bosveld Boerdery in Letsitele) gelei het. Piet sluit dus by 'n gevestige en effektiewe Raad aan – waar produsente deur Jock Danckwerts, Hoppie Nel, Louis von Broembsen, Kobus de Kok en Mark Fry verteenwoordig word, Universiteit van Pretoria word deur Anton Stroh verteenwoordig, Stellenbosch Universiteit deur Karen Theron, Uitvoerdersforum deur Steve Turner, Konsultante deur Chris Kellerman en LNR deur Org van Rensburg. Gerhard Scheepers se vertrek sal 'n groot verlies vir die CRI Raad wees – sedert my eerste dag by CGA (ongeveer 10 jaar gelede) het ek op die leiding en goeie oordeel van Gerhard staatgemaak; hy het die vermoë om "buite die boks" te dink – en vorendag te kom met fantastiese wyses om die werk, sonder enige konfrontasie en op 'n rasionele manier gedoen te kry. Dankie Gerhard vir wat jy alles tot die sitrusbedryf bygedra het. Jy het op omtrent elke Raad in die Bedryf gedien en jou leierskap by CRI sal gemis word.

Die CRI het hul begroting beskikbaar gestel – wat na die CGA Raad aanbeveel en goedgekeur is. Die verslagdoening deur die verskillende navorsingskomitees het die vertroue geskep dat alle prioriteite van die produsent aangespreek word – dit beteken nie noodwending dat alle probleme opgelos is nie – net dat dit wel aandag kry. As enige produsent graag die reeks van CRI Navorsingsprojekte wat goedgekeur is wil sien of terugvoering oor die 2008/9 navorsingsresultate wil hê, laat weet my asseblief.

By die CGA Raadsvergadering het Gabrie van Eeden as Onder Voorsitter bedank. Die posisie word nou deur Hoppie Nel gevul. Fanie Viljoen is as Voorsitter herkies. Meeste tyd tydens die Raadsvergadering is aan fitosanitêre en marktoegangstoestande spandeer, maar verskeie beleide van CGA is ook hersien/nagegaan. Amper alle direkteure (slegs een streek was nie verteenwoordig nie) was daar en die besprekings was kragtig en inspirerend. Ek sal op hierdie sake uitbrei sodra die Raad die notule aanvaar het.

## PRODUSENTE SE VERDIENSTES IN 2009

Soos die produsente begin om hul rekonsiliasies vir 2009 te ontvang blyk dit dat die verdienstes vanaf uitvoere teleurstellend is – baie produsente het aangedui dat die produsente sektor tot tussen R10 en R15 per karton kon verloor het. Dit beteken tot tussen R800 miljoen en R1.2 Biljoen vir die produsente sektor as 'n geheel!!! Dit regverdig die vraag of ons bemarkingsisteme reg is. Hoekom voer ons produkte teen 'n verlies uit? Dit herinner my aan my seun en sy nefie wat dieselfde laerskool bywoon. By hul interpreneursdag kon my seun slegs 70% van sy voorraad verkoop terwyl sy nefie al syne kon verkoop. My seun het nogtans genoeg gemaak om sy kostes te dek en 30% wins in sy sak te steek, terwyl sy nefie slegs 70% teruggekry het op wat hy spandeer het. My seun kon dus die ekstras gebruik of dit as geskenke gee of dit weggooi en hy sou nog steeds 30% meer wees – sy nefie het 30% verloor maak nie saak wat hy sou gedoen het nie. Elke jaar is ons so gelukkig omdat ons hierdie groot volumes van sitrus kon verkoop - 80 tot 90 miljoene kartonne!!! Maar teen watter koste – wat is die sin om hierdie volumes te verkoop en met 'n verlies op te eindig. En soos ek al vantevore gesê het, alle diensverskaffers en ander voorsieners in die ketting het hul deel gekry soos die produk deur die ketting beweeg het – kartonvervaardigers het hul deel gekry, vervoerders het hul deel geneem, terminaal operateurs en eienaars van koelstore het hul geld gekry, skeepsagente het hul winste geneem en verspreidingsentrums het ook hul sente getel – PPECB, CGA, FPEF het almal hul heffing geneem en uitvoeragente het hul kommisssies geeis. Dit is net die persoon wat alles moontlik gemaak het, die persoon wat die produk geproduseer het wat die meeste op die spel plaas het en wie die meeste kapitaal in die bedryf ingesit het wat die pak gevat het. Dit is natuurlik anders as die persoon op 'n vaste prys vasgemaak het wat die kostes dek en hom/haar in staat gestel het om met sy besigheid voort te gaan. In daardie gevalle het iemand anders in die ketting die pak gevat – dit is of die agent of die invoerder wat die prys gewaarborg het (as hul die waarborg gerespekteer het). Daardie agent of invoerder gaan egter nie gretig wees om voort te gaan om met jou produk te handel as hy daardeur teen 'n verlies gaan opereer nie – volgende jaar kan jy dalk dit moeilik vind om iemand te kry om jou vrugte op dieselfde terme en voorwaardes te hanteer. Die probleem is – as die finale prys wat deur die verbruiker betaal word nie voldoende is om alle kostes in die ketting te dek nie – dan moet of die prys verhoog word of die produk moet in die eerste plek nie in die ketting wees nie (of kostes in die ketting moet gesny word). Dit blyk dat ons die mark bly voorsien selfs al is die finale prys nie voldoende nie – dit stuur 'n sein na die koper dat die prys wel voldoende is!!!! Hierdie bedryf is 100 jaar oud en nog steeds kry ons dit nie reg nie, ek het die nie die oplossing nie MAAR ek glo dit regeverdig bespreking voordat nog van ons lede 'n ramp in die gesig staar.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

| Tot Week 46 – Miljoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 | 2008 |
| Pomelo | 14.3 m | 12.8 m | 14 m | 12.4 m | 13.7m | 15.1 m | 14 m | 12.8 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 7.3 m | 6.8 m | 6.5 m | 6 m | 7.4 m | 6.8 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 7.3 m | 9.6 m | 8.7 m | 8.8 m | 7.6 m | 9.4 m | 8.7 m | 9.6 m | 8.8 m |
| Nawels | 18.7 m | 21.5 m | 19.4 m | 21.2 m | 19.1 m | 21.6 m | 19.4 m | 21.5 m | 21.2 m |
| Valencia | 43.5 m | 43.1 m | 38.4 m | 40.4 m | 35.2 m | 43 m | 38.4 m | 43.1 m | 40.4 m |
| | 90.6 m | 94.3 m | 87.3 m | 89.3 m | 81.5 m | 96.5 m | 87.3 m | 94.3 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**